

Vind die Wegvoering plaas voor of na die Groot Verdrukking?



Open 4:4 En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge (die kerk) sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.

Open 4:7 **En die eerste lewende wese was soos 'n leeu**, en die tweede lewende wese was soos 'n kalf, en die derde lewende wese het 'n gesig gehad soos 'n mens, en die vierde lewende wese was soos 'n arend wat vlieg.

Die Voorblad.

Kom ons verduidelik net eers die voorblad van hierdie uitgawe..

Openbaring 2 en 3 is die kerkperiode, of genade tydperk waar 19 keer gepraat word van die kerk, en dan nie weer voor Open 22:16 nie. Openbaring 4 en 5 is die kerk in die Hemel. Open 4:1 begin met die woorde: " Ná hierdie dinge (die afsluiting van Open 3, die genade tydperk) **het ek gesien kyk, 'n** geopende deur in die hemel (nie tussen twee vertrekke nie), en die eerste stem **wat ek soos 'n** basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen (dit is die woorde wat die bruid van Jesus, haar Bruidegom gaan hoor sê.), en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge (die afsluiting van die kerk, Open 3) moet gebeur.

Open 4:2 **En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n** troon in die hemel en Een sit op die troon.

Open 4:3 En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis (helderskynende edelgesteente - tipe van die vlekkeloosheid en soewereiniteit van Jesus) en sardius (diepkleurige rooi edelgesteente - tipe van Sy bloed); **en rondom die troon was 'n** reënboog **wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n** smarag (groen edelgesteente - tipe van die ewige lewe die rondheid van die boog 'n tipe van die oneindigheid van die ewigheid).

Open 4:4 En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge (die bruid van Jesus) sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.

Open 4:5 En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand;

- Open 4:6 en voor die troon was daar **‘n see van glas** soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter.
- Open 4:7 En die eerste lewende wese **was soos ‘n** leeu (‘n sinnebeeld van Jesus - Open 5:5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.) en die tweede lewende wese **was soos ‘n** kalf (‘n sinnebeeld van Jesus - Lev 9:3 En spreek met die kinders van Israel en sê: Neem **‘n** bokram as sondoffer **en ‘n kalf en ‘n** lam, al twee een jaar oud, sonder gebrek, as brandoffer) en die derde lewende wese **het ‘n gesig gehad soos ‘n** mens (‘n sinnebeeld van Jesus - 1Tim 2:5 Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus) en die vierde lewende wese **was soos ‘n** arend (‘n sinnebeeld van Jesus - Hand 1:11 wat sê: Galilêse manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.) wat vlieg.
- Open 4:8 En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!
- Open 4:9 En elke keer as die lewende wesens heerlijkheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,
- Open 4:10 val die vier en twintig ouderlinge (die bruid) neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê:
- Open 4:11 U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.

Sal Hy (Jesus) voor of na die verdrukking terugkeer vir Sy heiliges (Sy bruid) ??

2Thes 2:1 Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom,

2Thes 2:2 om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Christus al daar is.

2Thes 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf

Hierdie Thessalonicense was vervolgd en verdruk deur afgod-dienende ongelowiges. (2 Thes 1:4) Nou is hulle in besit van 'n brief, wat hulle gedink het van Paulus afkomstig was, (2 Thes 2:2) dat die dag van Christus daar was. Hulle is verskrik en bekommerd, want Paulus het hulle dan geleer dat hulle nie deur die groot verdrukking gaan nie, maar weggeraap gaan word voor die dag van die Here.

Paulus sê: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet" Hy skryf dan twee dinge neer wat die "dag van die Here" voorafgaan: 'n afval en die openbaring van die mens van sonde (Antichris).

Die woord "openbaar" is apokalupto - om bloot te lê dit wat gesluit of bedek was. Paulus beskryf die Antichris (die mens van sonde) aldus: "die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is". Deur die woord apokalupto te gebruik, verwys Paulus hier nie na die Antichris se verskyning as die bekwa-

me wêrelddiktator nie, maar na die openbaring van sy ware karakter in die middel van Daniël se 70ste week. (Dan 9:1-27) Hy verwys na die openbaring van sy verborge persoonlikheid. Die Groot Verdrukking is in werklikheid die tweede drie en 'n half jaar van hierdie sewe jaar periode. Paulus sê dit kan nie aanbreek voor die Antichris se ware karakter openbaar is nie. Aangesien hy nie 'n wêreld-diktator was in die tyd toe Paulus die brief aan die Thessalonicense geskryf het nie, en die bewoners van die aarde nog vryheid van godsdiens geniet het, het die "dag van die Here" nog nie gekom nie.

Die vertrek.

Die woord apostasia in 2 Thes 2:3 wat vir sommige mense probleme skep, word in ons Bybel as "afval" en in die King James as "falling away" vertaal. In die lig hiervan word beweer dat ons eers die groot afval van die laaste dae en die daaropvolgende openbaring van die Antichris moet beleef, dan sal die Here ons een of ander tyd gedurende die verdrukking kom haal. Dit is egter nie die waarheid nie.

Die Griekse woord, apostasia, kan vertaal word as vertrek, weggeneem, weggaan, onttrek, wyk of wegval. Die woord "afval" is die vertalers se vertolking van wat hulle dink die Grieks hier beteken en nie 'n werklike vertaling van die Griekse woord nie. Die woord "afval" (Engels - falling away) kan net beteken 'n afwyking van ware leerstellings, waar dit in die konteks voorkom en kan nie gebruik word waar die konteks nie na so 'n afwyking verwys nie.

Die betrokke Griekse woord - "apostasia" - is 'n werkwoord

en beteken vertrek, wegname of skeiding. As 'n afgeleide betekenis, kan dit ook as afvalligheid vertaal word, maar met die duidelike bedoeling dat wanneer die waarheid vertrek het, dan tree die goddeloosheid in. "Apostasia" is van die partikel "apo" afgelei wat beteken weg (van iets wat naby is). Hiermee kon 'n plek, 'n tyd of 'n verhouding bedoel word. Dit kon dus skeiding, vertrek of die verbreking van 'n verhouding beteken.

Lindell en Scott gee in hulle kalsieke leksikon 'n verdere betekenis van "apostasia" - 'n vertrek (weggaan) of 'n verdwyning. Met die suiwere vertaling van hierdie woord nou voor oë, laat ons volgens die konteks bepaal presies waarna die "vertrek" verwys. Die lidwoord verwys hier na 'n spesifieke "vertrek", wat in die konteks gespesifiseer word of waarna voorheen verwys is, of na 'n "vertrek" wat bekend is aan beide die skrywer en lesers van die brief. Paulus verklaar nie hierdie woorde deur 'n kwalifiserende sinsnede nie. Derhalwe, moet die lidwoord verwys na iets wat in die onmiddellike konteks genoem word, of in die wyer konteks, of wat veronderstel is om bekend te wees aan beide die lesers en skrywer van die brief. Paulus het net tevore (2 Thes 2:1) verwys na die vereniging van die heiliges met die Here Jesus Christus by sy koms, wat dan die vertrek is van die Kerk van die aarde af. In die vorige brief het hy hierdie gebeurtenis beskryf, 1 Thes 4 13-18

1Thes 4:13 Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.

1Thes 4:14 Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.

1Thes 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie

sal vóór wees nie.

- 1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met **'n geroep**, met **die stem van 'n** aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.
- 1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here teemoet in die lug; wat niks anders kan wees as 'n "weggaan" van die aarde nie.

In ou Bybels, wat voor die King James Bybel verskyn het, was 2 Thes 2:3 met "departing first" vertaal. Die Amplified Bible erken die betekenis in 'n voetnota oor "afvalligheid" - "A possible rendering of 'apOstasia' is departure of the church".

2 Thes 2:3 se volle betekenis is dus: "... eers moet die vertrek (van die kerk) plaasvind en die mens van sonde (die Antichris) geopenbaar word, die seun van die verderf." So baie mense wil net eenvoudig nie in 'n wegraping voor die openbaring van die Antichris glo nie, daarom vereng hulle "apostasia" se betekenis tot slegs geestelike afvalligheid en niks meer nie.

Die Vulgaat gebruik die Latynse woord "discessio" wat "die vertrek" beteken. 2Thes 2:3 se volle betekenis is dus: "... want eers moet die vertrek (van die kerk) plaasvind en die mens van sonde (Antichris) geopenbaar word, die seun van die verderf. "

Paulus verwys hier na die fisieke vertrek van die ware gelowiges wat nie vir God se toorn bestem is nie. Die gevolg hiervan sal wees dat die Antichris geopenbaar word en veroorsaak dat sonde en ongeregtheid op aarde sal floreer. Die grootste wegval van Christelike standaarde en Bybelse norme van alle tye sal tydens sy bewind plaasvind.

Paulus stel dus eers die feit van die WEGRAPING, die openbaring van die Antichris en sy goddelose hervormings in vers 3-4, en herhaal dan die volgorde met die byvoeging van verdere besonderhede in vers 6-12.

Die Teëhouer.

2Thes 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;

2Thes 2:8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,

2Thes 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen

Negatiewe houdings oor die wegraping voor die verdrukking lei ook na skewe sienings oor die teëhouer van die Antichris. Daar is duidelik net een mag wat sterker as die van Satan en die Antichris is, en dit is die mag van God.

Die groot teëhouer van die Satan is die Heilige Gees en nie die kerk soos wat sekere opregte mense verkondig nie. Hoe kan ons hiervan seker wees? Die uitdrukking "Ho katechōn" (die een wat konstant teëhou) sê baie duidelik vir ons dat hierdie teëhouer nie die kerk is nie. Die Griekse woord vir kerk is "ekklèsia" en dié woord is vroulik. As die kerk dus die "teëhouer" was, sou die Griekse woord hier "Hè katechousa" gewees het (vroulike geslag) en nie "Ho katechōn", die manlike geslag nie. Ons weet dit want in die Griekse grammatika moet die lidwoord en alle deelwoorde ooreenstem met die selfstandige naamwoord wat hulle kwalifiseer in geslag, nommer en naamval.

"Ho Katechōn" (die een wat teëhou) verwys dus na die Heilige Gees, die vertrooster (paraklētōs), die manlike geslag, en nié na die kerk (ekklēsia), wat die vroulike geslag is nie. Die deelwoord, "katechōn", beteken volgehoue en aanhoudende aksie (d.w.s. teëhouding), dag na dag en jaar na jaar.

Kata: Terug
Echō: Ek hou

Voordat Christus gesterf en opgestaan het, was Satan se mag aangewys deur die woord "dunamis", ('n onbelemmerde) mag. Dit is dieselfde woord wat in Hand 1:8 gebruik word, om die mag van die Heilige Gees in hierdie kerkdispensasie aan te dui.

Ons sien Satan se voorheen onbelemmerde mag (dunamis) in Luk 10:19 "Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag (dunamis) van die vyand (Satan); en niks sal julle ooit skade doen nie." Maar nadat Christus uit die dood opgestaan het, is die woord vir Satan se mag van "dunamis" na "exousia" verander. Efes 2:2 lig ons in dat Satan nou "..... die owerste van die mag (exousia) van die lug," is.

Kol 1:13 lees: "Hy (Christus) wat ons verlos het uit die mag (exousia) van die duisternis (bedoelende Satan)"
In Hand 26:18 lees ons: "..... en van die mag (exousia) van die Satan tot God,"

Wat is die betekenis van die woord "exousia" dan? Dit kom van die woord "ex" wat beteken "vanuit", en die woord "ousa" die vroulike van die teenwoordige deelwoord van "eimi", wat beteken "om te wees" Dit beteken dus letterlik " 'n mag wat bestaan uit 'n hoër en groter mag. " Hierdie groter mag is natuurlik die mag

(dunamis) van die Heilige Gees wat nou so te sê die Satan aan sy nek beet het. Hy laat die Satan egter toe om ons te verlei en selfs om ons te beproef. Die Here doen dit net tot op 'n punt en dan beveel Hy die Satan om op te hou.

Exousia: 'n Mag wat bestaan uit 'n hoër en groter mag.

Ex: Vanuit.

Uosa - Eimi: Om te wees.

Dunamis: Onbelemmerde mag.

Wanneer ons besef dat die almagtige Heilige Gees nou voortdurend die Satan teëhou, en dat Satan gedurende hierdie kerker gestroop is van sy eens onbelemmerde mag (dunamis), dan sien ons duidelik waarom daar geen verdrukking kan wees totdat die Heilige Gees ophou om teë te hou nie. Baie mense wat nog nie hierdie groot waarheid gesien het nie, verklaar dat ons alreeds in die verdrukkingstydperk is.

Die presiese en letterlike vertaling van hierdie verse is soos volg:

2 Thes 2: 7-8 "Want die verborgenheid van die wettelose is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;

en dan (tote), of tot daardie tyd (bedoelende nadat die Heilige Gees opgehou het om die Satan te weerhou en die midde verlaat het) sal die wettelose een (ho anomos - die Antichris) geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg

Sommige mense verklaar dat die woorde "eōs ek mesou genētai" van 2 Thes 2:7 "totdat hy (die Heilige Gees) moontlik uit die midde is" - beteken dat die Heilige Gees net opsy gaan staan uit die midde van die heiliges en die Satan gaan dophou terwyl hy werk, terwyl die heiliges deur die verdrukking gaan. Dis onsin, want

die spesifieke woord "pneuma" - "Gees van God" beteken "om lug in te asem" Toe God 'n woord wou vind wat ons die regte begrip gaan gee van die persoonlikheid van die Heilige Gees, - 'n persoon wat orals tege-lykertyd kan wees - was die enigste woord wat Hy kon vind, "pneuma", wat asem, lug of wind beteken. Soos wat die lug hier is en terselfdertyd ook in China en oor die hele wêreld en soos wat dit oral besig is om die fisiese lewe te onderhou, al kan ons dit nie sien nie, net so is die Heilige Gees nou in elke deel van hierdie hele wêreld besig om alle geestelike lewe te onderhou. Sy persoonlikheid vul die hele aarde.

Wat sal met al die heiliges gebeur as Hy Homself onttrek? Hulle (bruid) sal onmiddellik geestelik doodgaan Joh 6:63 "Dit is die Gees wat lewend maak," Die teenwoordigheid van die Heilige Gees in ons midde is dus net so belangrik om te voorkom dat ons geestelik sterf, as wat die lug is wat ons fisiese lewe onderhou. Wanneer Hy dus ons midde verlaat, moet al die heiliges saam met Hom gaan of hulle sal hulle geestelike lewe verloor.

Joh 14:6 "Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en ("He zōè") die lewe ; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. " Christus is die bron van alle geestelike lewe, maar in hierdie kerkdispensasie het Hy die lewegewende en lewensonderhoudende mag aan sy verteenwoordiger, die Heilige Gees, gedeelgeer. Rom 8:10 "Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is (zōè) lewe vanweë die geregtigheid."

Jak 2:26 "Want soos die liggaam sonder (chōris - afsonderlik van) die gees dood is," "

Wanneer die Gees dan uit ons midde gaan, moet die kerk

ook saam met Hom gaan ten einde sy lewe (zōè) te behou.

Joh 14:16 "**En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster** gee om by julle te bly tot in ewigheid:"

Let op die woorde wat hier gebruik word: "eis ton aiōnas" - (tót of ín die eeu) Daar staan nie, "eōs tēs sunteleias tou aiōnos" - "tot aan die einde van die dae," soos in: "Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen." Hierdie vers dui op die oorwinning van Armageddon, wat die bewind van die heidense nasies beëindig. Daar staan ook nie "eis tous aiōnas" - "tot die eeue" wat beteken "reg deur al die opeenvolgende eeue," soos in Luk 1:33 "en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid," (eis tous aiōnas)

Net so staan daar ook nie "eis tous aiōnas tōn aiōnōn" - "tot die eeue van die eeue", wat sou beteken "tot in alle ewigheid" nie. Nee, die Heilige Gees wat nou "zōè" (lewe) is, die verteenwoordiger van die Here Jesus Christus wat "he zōè" (die lewe) is, (die bron van alle geestelike lewe), sal aanhou om die lewensvoorsienner van die kerk te wees regdeur hierdie kerker en totdat Hy (die Heilige Gees) die kerk opneem om die Here te ontmoet. Hy(Christus) sal die lewegewer en die bron van alle geestelike lewe wees, en Hy sal persoonlik by sy eie kerk wees en dan sal Hy (Christus) "die lewe" wees van sy eie liggaam, die kerk.

Dit is presies wat Paulus in Kol 3:4 vir ons sê: "Wanneer Christus, wat ons lewe is (hè zōè hēmōn), geopenbaar word, dan sal julle (die heiliges) ook saam met Hom in heerlijkheid geopenbaar word" (presiese vertaling)

Wanneer die Heilige Gees ons oorhandig aan die Here

Jesus, dan sal Hy (Christus self) "ons lewe" word, soos wat Paulus hier verklaar. Maar totdat hierdie salige oomblik aanbreek, kan die Heilige Gees NIE ONS MIDDE VERLAAT NIE. Wanneer die Heilige Gees die kerk aan Christus oorhandig het, dan sal Hy (die Heilige Gees) vry wees om te werk onder al die individue wat gedurende die verdrukkingstydperk tot God om verlossing sal roep.

Wanneer die Gees opgaan met die kerk, en so ophou om die Satan te weerhou, sal die Satan onmiddellik sy ou mag terughê. Sy onbelemmerde mag (dunamis) sal dus weer aan hom terugbesorg word. Hy sal dan onmiddellik die Antichris na vore laat kom, MAAR NIE VÓÓR DAARDIE TYD NIE.

Nadat die Satan die Antichris te voorskyn gebring het, sal hy hom (Antichris) heeltemal beset en hom beheer in sy denke, woorde en daede, net soos wat die Heilige Gees die Here Jesus Christus gerig het terwyl Hy op die aarde was.

2Thes 2:9 "hy (Antichris) wie se koms is volgens (kata - in ooreenstemming met) die werking van die Satan met allerhande kragtige (dunamis) daede en tekens en wonders van die leuen"

So vinnig as wat hierdie "dunamis" krag aan hom herstel word, net so vinnig sal hy die Antichris te voorskyn bring en sodoende die groot verdrukking laat begin.

Open 3:10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in {"ek_ex" - from, out (of place, time, or cause; literally or figuratively; direct or remote) = VAN of UIT} die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

Rev 3:10 **Because thou hast kept the word of my patience, I also will keep thee from {"ek_ex"} the hour of**

temptation, which shall come upon all the world, to try them that dwell upon the earth.

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

1Th 4:17 Then we which are alive and remain shall be caught { harpazō - catch (away, up), pluck, pull, take - by force} up together with them in the clouds to meet the Lord in the air: and so shall we ever be with the Lord.

Luk 21:36 Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom {tauta panta ta mellonta = al hierdie dinge wat op die punt staan om te gebeur} te ontvlug {Ekphugeō = ek het skoon weg ontsnap} en voor die Seun van die mens te staan.

{ Phugein = te ontsnap. Ekphugein = om skoon weg te vlug van. }

2Pet 2:4 Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word;

2Pet 2:5 en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het;

2Pet 2:6 en deur die stede van Sodom en Gomorra tot as te verbrand, hulle tot ondergang veroordeel het en as 'n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees:

2Pet 2:7 en die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense;

2Pet 2:8 want deur wat hy gesien en gehoor het, het dié regverdige man, wat onder hulle gewoon het, dag vir dag sy regverdige siel gepynig oor hulle wettelose werke—

2Pet 2:9 die Here weet om die godsaliges {"euse-beis"

= die heiliges.} uit versoeking {"peirasmos" = toetsing of beproewing} te verlos {rhuomai = om te verlos deur 'n persoon nader te trek na jouself om buite gevaar te wees.} en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;

Dit bewys bo alle twyfel dat die kerk opgeneem sal word voordat die verdrukking begin.

Die afval wat na die openbaring van die Antichris op aarde sal plaasvind, sal baie erger wees as die afvalligheid van die laaste dae voor die wegraping . Wanneer Satan weer sy ongehinderde mag terugkry en daar niemand is wat hom teëhou nie, sal die hele aarde in morele en geestelike duisternis gedompel word. Uit die morele verval sal 'n internasionale sonde-kultuur ontstaan, waarin die ergste denkbare immoraliteit, korrupsie, diefstal en wreedhede sal voorkom.

Open 9:21 En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.

Die geestelike verval sal tot die skepping van 'n alliansie van wêreldgodsdienste lei, waarvan die Antichris die gemeenskaplike messias sal wees. Op 'n gegewe oomblik sal hy die herboude tempel in Jerusalem betree en homself tot God verklaar.

2Thes 2:4 "die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is." Saam met hom sal die duiwel aanbid word, (Openb 13:4 " En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?") en dit sal die ergste vorm van geestelike verval wees.

Die Satan sal die hele wêreld deur middel van die Antichris

beheer. Dan sal die mens vir die eerste keer tenvolle verstaan wat "*hel op aarde*" regtig beteken. God het doelbewus beplan om almal wat Hom nie wil dien nie, vir sewe jaar hier op aarde te laat bly onder die onbeperkte mag van die duiwel. Aan die einde van hierdie verskriklike periode sal Christus kom om al sy vyande finaal te oorwin en sy Millenium-koninkryk op te rig.

Open 6:15 en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,

Open 6:16 en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn {"apo tès orgès"} van die Lam;

Open 6:17 want die groot dag van sy toorn {"tès orgès auto" = die toorn van Hom} het gekom, en wie kan bestaan?

Maar Paulus verseker ons keer op keer dat die heiliges van God gered sal word van "hè orgè" - die toorn van God.

Rom 5:9 "Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregtig is in sy bloed, deur Hom (Christus) gered word van die toorn (apo tès orgès)."

1Thes 1:10 en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn {"apo tès orgès tès erchomenès" = van die toorn van die toekomstige toorn.} verlos {"ton ruomenon" - die teenswoordige deelwoord van "ruomai" wat beteken "om te verlos" deur voor die gevaar weg te ruk.}

1Thes 5:9 Want God het ons nie bestem tot toorn {eis orgen = die vreeslike toorn van God gedurende die

verdrukking} nie, maar om die saligheid {sōtèria = verlossing} te verkry deur onse Here Jesus Christus.

Onthou dat Paulus in al hierdie gedeeltes besig is om met die heiliges te praat, met diegene wat nooit in die son-daars se oordeel sal kom nie.

In Efes 5:25 lees ons: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het "

Hier spoor Paulus al die Christenmense aan om hulle vrouens lief te hê soos wat Christus die kerk liefgehad het waarvoor Hy sy bloed gestort het. As dit waar is, kan enige man wat werklik sy vrou só liefhet dat hy bereid is om vir haar te sterf, dan vir sewe jaar weggaan, terwyl hy weet dat sy gedurende sy afwesigheid deur die vriende van die Satan, vervolgd, gemartel en uitgehonger sal word, sonder om vir haar 'n boodskap te stuur of 'n brief te skryf as hy dan nie sêlf by haar kan uitkom om haar te help nie? Nee, natuurlik nie! As hy nie geskryf het of 'n boodskapper na haar gestuur het onder hierdie vreeslike omstandighede nie, sal daardie arme vrou weet dat hy opgehou het om haar lief te hê.

As die kerk nou deur die verdrukking moet gaan - soos wat baie vandag verkondig - hoe gaan die heiliges (die kerk) Christus se liefde verstaan terwyl hulle vervolgd, gevange geneem, gemartel en uitgehonger word deur Satan en sy volgelinge? Hoe verduidelik 'n mens aan so 'n opregte gelowige dat Christus werklik die kerk vir wie Hy gesterf het, die kerk wat Hy liefhet - sy bruid, sy vrou - vir sewe jaar lank deur so 'n hel laat gaan? En dit alles sonder om eers vir haar 'n brief of 'n boodskap van enige aard te stuur? Vanaf Open 3:22 tot Open 22:16 lees ons nie een keer van die kerk nie. Die enigste verduideliking hiervoor is dat die kerk

(Christus se bruid) gedurende die verdrukking by Hom in sy Vader se huis sal wees, soos wat Joh 14:3, Luk21:36, 1 Thes 4:15-18 en Openb 3:10 vir ons sê.

Wanneer Christus vir sy heiliges kom, sal dit nie nodig wees om sy engele uit te stuur met die geluid van die basuin om sy uitverkorenes vanuit die vier windstreke bymekaar te maak nie. Elke heilige sal deur 'n vreemde, onsigbare mag weggeroep word soos arende wat opstyg om hulle Here te ontmoet. Een terwyl hy in die veld werk, 'n ander terwyl sy die meul maal en 'n ander uit sy bed. Dit bewys dat elkeen weggeroep sal word vanaf die plek waar hy of sy is en dit sal nie nodig wees dat hulle bymekaargemaak moet word deur die engele nie. Dit sê ook vir ons dat die wegraping oral op dieselfde oomblik sal plaasvind, want dit sal nag wees op die een plek (almal sal aan die slaap wees), terwyl dit dag sal wees op ander plekke.

Die woord "aangeneem/taken" (een sal aangeneem word) "paralambanō = Ek sal wegneem deur geweld" - presies dieselfde woord is wat Christus in Joh 14:3 gebruik waar Hy sê: "En as Ek gegaan het en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem {wegneem deur geweld = paralēpsomai - toekomstige tyd eerste-persoon enkelvoud van "paralambanō } sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Die gebruik van die woord "paralambanō " {= Ek neem weg deur geweld} in Joh 14:3 en Luk 17:34-37 bewys baie oortuigend dat Lukas 17:34-37 vertel van die wegraping van die Heiliges.

Luk 21:28 En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde

op, omdat julle verlossing naby is.

Koerantberig.

Rapport 16 Aug 1992

'n Hemelse koor sing

'N GROEPIE Amerikaanse ruimte-wetenskaplikes van Nasa kon hul ore nie glo toe hulle na 'n band luister wat deur 'n satelliet teruggesein is nie. Dit het kompleet geklink soos 'n hemelse koor wat sing.

En die koorsang van sewe minute op die band kom uit die nuwe reusagtige sogenaamde "swart gat" in die buitenste ruimte wat verlede jaar deur die Hubble-ruimteteleskoop ontdek is.

Hierdie "swart gat" is in die M 51-sterrestelsel, sowat twintig miljoen ligjare van die aarde af.

In geheime memorandums wat by Nasa se hoofkantoor in Washington uitgelek het, word beweer dat net 23 mense, onder wie pres. George Bush, van hierdie "koor"-bande weet.

Op die bande word glo die "hemelse sang van derduisende stemme" gehoor.

Singende engele, glo een van die mense wat na die band geluister het. En voeg by dat hy wonder of die "swart gat" in die M 51-sterrestelsel nie dalk die poort na die hemel is nie . . .

Hy sê nadat die Hubble-teleskoop die "swart gat" ontdek het, het Nasa besluit om 'n gesofistikeerde satelliet met 'n radioteleskoop op die gebied te fokus om radiogolwe te probeer opspoor. Dis toe dat hierdie "koorsang" opgeneem is.

DIE GROOT OPENING IN DIE NOORDE.

(AMERIKAANSE WETENSKAPLIKES)

John Morstad rapporteer deur middel van die Herold of Hoop-tydskrif, van die wonderteken wat onlangs in die Noordelike sterreheem en wel in die Orion waargeneem word. Volgens die sterrekundiges is die aanskoulikheid daarvan só aangrypend dat dit hierdie wetenskaplikes, waarvan sommige ongered is, laat voel of hulle in die teenwoordigheid van 'n Almagtige en Grote God verkeer. Hulle is nie een in staat om 'n woordelike weergawe te gee van wat hulle presies gewaar het nie. Dit kom egter daarop neer dat daar deur spesiale groot lense gewaar word dat daar massiewe hemelkamers in die Orion skuil, diep in die noordelike hemelruim. Daar is pilare wat skuins staan, helder riviere wat vloei en ook plekke wat lyk asof hulle van pèrels gemaak is. Daar is ook glinsterende diamantgange te sien. Die sterrekundiges stem ooreen dat dié wonderlike verskynsel 'n feit is en dat die prag daarvan nie in woorde oorvertel kan word nie. Die opening in die Noorde is só reusagtig dat daar glo driehonderd

duisend van ons eie planeet daarin kan inpas, plus nog die son en dan is daar nog baie ruimte oor. Wat 'n Wonder-God wat die sterre geskep het! Wat deur hierdie sterrekundiges gesien word strook ook met wat ons lees in Job 26: 7 "Voor Hom wat die Noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks." { 2 Kor 12:3 (b) Weggeruk is tot in die 3 de HEMEL }

Professor Larkin van Mt Lowe, Observatory verklaar dat die foto's 'n onbeskryflike en diepliggende hemelprag openbaar. Hy sê dat die pen van die skrywer en die kwas van die kunstenaar onbekwaam is om die prag daarvan te weergee. So iets is nog nooit tevore op die aarde gesien nie, maar is wel daarbo, in die astronomiese sfeer in die Noorde, sigbaar. Is dit dan nie ook wat Lucifer begeer het, om in die Noorde te sit nie? \3 de HEMEL
DIE BYBEL “LOKALISEER” dus die 3de hemel in die NOORDE
Jes 14:12-14 Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! \” **LUCIFER” SE GROOT VAL, Luk 10:18**

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die **hemel en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \ Han 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 ...—maak jou klaar om jou God te ontmoet, **MARANATA JESUS KOM SPOEDIG TERUG**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

